basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

## 2021

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye, 'n HTML-merkersblad, 'n toevoermasker-karakterblad en 'n aparte inligtingsblad.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaarmaak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen sal die normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. As jy op die netwerk werk, of as die datalêers vooraf gelaai is, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word. Anders sal die toesighouer 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee. Indien 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') aan jou uitgereik is, moet jy jou sentrumnommer en eksamennommer op die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') skryf.

3. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') inlewer wat deur die toesighouer aan jou gegee is, met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is.

4. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE **en MOENIE duplikaat-antwoordlêers/-lêergidse inlewer NIE. MOENIE enige oorspronklike lêers waarop jy nie gewerk het nie, verwyder NIE.**

5. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

6. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

7. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.

9. Lees die vraag noukeurig deur aangesien akkuraatheid in berekening gebring sal word.

10. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

11. Jy mag GEEN hulpbronmateriaal gebruik NIE.

12. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op 'South Africa' ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings ('currency settings') korrek ingestel is.

13. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui. Gebruik sentimeter as maateenheid.

14. Formules en/of funksies moet vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

    **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al word veranderinge aan die bestaande data gemaak.

15. Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.

16. Die eksamenlêergids/CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

| | |
|---|---|
| • 1Review | Woordverwerkingslêer |
| • 2History | Woordverwerkingslêer |
| • 3Countries | Sigblad |
| • 3Open | Saamgeperste lêergids |
| • 4Donate | Sigblad |
| • 5Rescue | Prent |
| • 5Support | Databasis |
| • 6_1Picture | Prent |
| • 6_1Sierra | HTML-lêer |
| • 6_2Progress | Prent |
| • 6_2Wash | HTML-lêer |
| • 7Distribute | Woordverwerkingslêer |
| • 7Prospects | Sigblad |
| • 7Reorder | Sigblad |

**SCENARIO**

Médecins Sans Frontières (MSF), wat as Dokters sonder Grense ('Doctors Without Borders') vertaal word, is 'n onafhanklike internasionale organisasie wat mediese en humanitêre bystand verleen aan mense wat uiterste ontberings in die gesig staar.

**VRAAG 1: WOORDVERWERKING**

Maak die **1Review**-woordverwerkingsdokument oop wat inligting oor die werksaamhede van die Médecins Sans Frontières (MSF)-organisasie bevat en sleutel jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of die bladsyonderskif ('footer') in.

1.1 Verander die opskrif 'Year in Review' soos volg:

1.1.1 Verander die teks na 'n 'WordArt'-objek met 'n:

- Groen vulkleur ('fill')
- 'Wave 2'-transformasie ('transformation') (3)


1.1.2 Verander die WordArt om soos in die voorbeeld hieronder te vertoon:




(2)

1.2 Verander die eindnota ('endnote') wat ná die teks 'Directors of Operations' verskyn om aan die onderkant van die bladsy waarop die verwysing voorkom, te verskyn. (1)

1.3 Gebruik die <u>liniaal-instellings</u> ('<u>ruler settings</u>') om die teks soos hieronder te vertoon.


In 2019, Médecins Sans Frontières (MSF) teams provided medical and humanitarian assistance to people facing extreme hardship in over 70 countries. From treating war-wounded - ever closer to frontlines - in Yemen, to responding to epidemic outbreaks such as cholera in Niger, or providing assistance to people fleeing violence in the Central African Republic (CAR), emergency response continued to be a core part of our work.

(3)

1.4 Plaas die wyser ('cursor') op die teks 'Here' aan die onderkant van die bladsy. Skep 'n nuwe styl met die naam 'Display', wat na uitgerekte ('expanded') karakter-spasiëring geformateer is. (3)


1.5 Vervang al die gevalle van die woord 'care' met die ambulanssimbool, , (Webdings-karakterkode 104). MOENIE dele van woorde wat die teks 'care' bevat, verander NIE. (4)

1.6 Gebruik 'n woordverwerkingseienskap om die woord 'intercepted' in die paragraaf wat met 'In the Mediterranean, …' begin, te vervang met 'n sinoniem ('synonym') wat deur die rekenaar voorgestel word. (1)

1.7 Vind die teks wat met 'PEOPLE OUT OF …' begin en met '… missing to date.' eindig en verander dit soos volg:

- Vertoon die teks in TWEE kolomme met 'n vertikale lyn tussen die kolomme.
- Maak seker dat die opskrif 'MEDICAL ACHIEVEMENTS …' altyd boaan die tweede kolom sal verskyn. (3)

1.8 Verander die teks en die prent, gevind op die laaste bladsy van die dokument, om soos hieronder te vertoon.


**Would you consider being a volunteer?................................** ☐

**Select in which capacity you would like to work? .........Doctor**

**LET WEL:**

- Die vertoon van die knipbordprent ('clipboard image')
- Die tabel-instellings ('Tab settings')
- Die vormkontroles ('Form Controls')
- Die gebruiker moet kan kies uit die opsies:
  - 'Doctor'
  - 'Nurse'
  - 'Surgeon'
- Die lyn wat die teks en prent omring (10)

Stoor en maak die **1Review**-dokument toe. **[30]**

## VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Maak die **2History**-woordverwerkingsdokument oop wat van die interessante geskiedenis van Dokters sonder Grense bevat. Voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

2.1 Vind die teks 'Doctors Without Borders' onder die opskrif 'Introduction' en skep 'n hiperskakel op die teks na die 'Legends'-boekmerk. (2)

2.2 Skep 'n nuwe bron om te verwys na die verslag ('report') met die titel 'Year in Review', wat deur die korporatiewe outeurs ('corporate authors') van MSF geskryf is. (3)

2.3 Vind die tabel met die opskrif '1970s - Events that took place' en doen die volgende:

- Gebruik 'n tabeleienskap om die laaste drie rye van die hooftabel te skei, sodat die 1980-data in 'n aparte tabel onder die 1970-tabel verskyn.
- Voeg 'n nuwe ry bokant die eerste ry in die nuwe tabel in.
- 'n Borg sal €15,00 skenk vir elke pasiënt wat deur MSF behandel word. Verander die formule in die tabel (laaste ry, tweede kolom) om die totale befondsing wat die organisasie vir die 1980's sal ontvang, te bereken.
- Formateer die totale befondsingsbedrag as geldeenheid. Verander die geldeenheid-simbool na € (euro), kortpadsleutel: Alt+Ctrl+E. (6)

2.4 Verander die outomatiese bladsynommering in die hele dokument soos volg:

- Bladsynommering moet NIE op die eerste bladsy verskyn NIE.
- Verander die bladsynommering op die tweede bladsy om by 1 te begin.

**LET WEL:** Die bladsynommering sal nie op die laaste bladsy verskyn nie. (3)

2.5 Die figuurtabel ('table of figures') toon nie die 10 prente wat in die dokument gevind word nie.

Bring die nodige veranderinge aan om die probleem op te los. (4)

2.6 Voeg enige bladsyraam van jou keuse op slegs die laaste bladsy in. (2)

Stoor en maak die **2History**-dokument toe. **[20]**

**VRAAG 3: SIGBLAD**

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Maak die **3Countries**-sigblad oop wat inligting bevat oor die dienste wat aan mense in verskillende lande gelewer word en werk in die **Services**-werkblad.

3.1 Verander die raam om **sel C2** na 'n dik, rooi raam. (2)

3.2 Voeg 'n funksie in **sel P9** in om die gemiddelde aantal buitepasiënte (**kolom C**) wat behandel is, te vertoon. Formateer die sel om die resultaat met GEEN desimale NIE te vertoon. (3)

3.3 Die dienste gelewer deur MSF word vanaf **kolom C** tot **kolom L** gelys. As geen waarde in 'n sel vertoon word nie, dan is daardie diens nie in daardie land beskikbaar nie.

Voeg 'n funksie in **sel P11** in om te bepaal hoeveel verskillende tipes dienste vir die mense in die DRC (**ry 20**) beskikbaar is om te gebruik. (2)

3.4 Voeg 'n funksie/formule in **sel P13** in om te bepaal hoeveel lande die eerste keer in die 1980's (**kolom B**) hulp ontvang het. (6)

3.5 Pas datavalidering ('data validation') op die **selreeks M5:M75** toe sodat slegs die waardes: 'Disastrous', 'Critical' of 'Moderate' (**selreeks O5:O7**) ingevoer kan word. (3)

3.6 Die behandeling van DR-TB word in **kolom H** aangedui.

Voeg 'n formule in **sel P15** in om te bereken watter persentasie mense vir DR-TB in Indië (**ry 32**) deur MSF behandel is. (3)

MOENIE die **3Countries**-sigblad toemaak NIE.


3.7 Maak die wagwoordbeskermde lêergids **3Open** oop met die wagwoord: 2021.

Hoeveel sigblaaie word in die **3Open**-lêergids gevind? Voeg jou antwoord in **Sel P17** in. (1)

3.8 Vind die grafiek aan die onderkant van die **Services**-werkblad. Die grafiek vertoon die totale aantal mense (**ry 76**) wat deur sommige van die dienste wat aangebied word, gehelp is.

Voer die volgende instruksies uit om die grafiek te verander om soos hieronder te vertoon:

- Vertoon slegs die dienste wat in die voorbeeld aangedui word.
- Verander die data-etikette ('data labels') om die name van die dienste en die verwante persentasies te vertoon.
- Stel die sirkelgrafiek ('doughnut') se uitligting ('explosion') op 5%.
- Skuif die grafiek na die werkblad met die naam **ServiceChart**.




(5)

Stoor en maak die **3Countries**-sigblad toe. **[25]**

## VRAAG 4: SIGBLAD

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Die besonderhede van borge en hulle skenkings word in 'n sigblad gestoor. Aangesien borge 'n enkele of maandelikse skenking kan maak, word die kaartnommers vanwaar betalings gemaak word, aangeteken.

Maak die **4Donate**-sigblad oop en werk in die **Details**-werkblad.

4.1 Voeg 'n funksie in **sel F3** om die waarde wat die meeste in **kolom D** voorkom, te bepaal. (2)

4.2 Verskeie borge het dieselfde hoogste bedrag **(kolom D)** geskenk.

Voeg 'n funksie/formule in **sel F4** om die totale waarde van die grootste bedrag wat geskenk is, te bepaal. (4)

4.3 Verander die SUMIFS-funksie in **sel F5** om die totale bedrag van die enkele skenkings (**kolom C**) wat in 2019 (**kolom E**) gemaak is, te bepaal. (4)

4.4 MSF sal die data in **kolom C** gebruik om te bepaal watter tipe boodskap aan die borge gestuur moet word.

**LET WEL:** 'n Bankkaart het verval as die vervaldatum (**kolom G**) voor die datum in **sel H4** is.

Gebruik die skenkingtipe (**kolom C**) en die vervaldatum (**kolom G**).

Voeg 'n funksie/formule in **sel H8** om die volgende te vertoon:

- Die woord 'Expired' as die bankkaart van 'n maandelikse ('monthly') borg verval het **OF**
- Die woord 'Remind' as die bankkaart van 'n maandelikse ('monthly') borg steeds geldig is en 'n transaksie gaan plaasvind **OF**
- 'n '#'-karakter as die kaart vir 'n enkele ('single') skenking gebruik is en hy/sy nie 'n boodskap sal ontvang nie

Maak seker dat die korrekte resultate sal vertoon as die funksie na die res van die kolom gekopieer word. (7)

Werk in die **Code**-werkblad.

4.5 MSF ken 'n kode aan elke land toe om tred te hou van hoeveel skenkings van elke land af kom.

Die kode word geskep deur die eerste twee karakters van die naam van die land te skuif om as die laaste twee karakters van die naam te vertoon.

Voorbeeld: China sal vertoon as 'inaCh'.

Voeg 'n kombinasie van funksies in **sel C3** in om die kode vir 'Argentina' te vertoon deur hierdie koderingstelsel te gebruik. (8)

Stoor en maak die **4Donate**-sigblad toe. **[25]**

## VRAAG 5: DATABASIS

'n Databasis, wat die besonderhede van individue bevat wat vrywillig hulle dienste aanbied, is geskep. Die databasis bevat ook inligting oor die lande waarin hierdie vrywilligers werk.

Maak die **5Support**-databasis oop.

5.1 Maak die **tbl5_1**-tabel in ontwerpaansig ('Design View') oop en verander dit soos volg:

5.1.1 Voeg 'n nuwe veld, *RegionId*, soos volg in:

- Plaas die nuwe veld *RegionId* as die eerste veld.
- Stel die primêre sleutel op die nuwe veld.
- Stel die datatipe van hierdie veld om 'n outomatiese nommer aan die veld toe te wys.
- Verander die 'New Values'-eienskap van hierdie veld om ewekansige ('random') nommers aan die veld toe te wys. (5)

5.1.2 Bestudeer die data in die *RegionCode*-veld in die databladaansig ('Datasheet View') om die formaat van die data in die veld te bepaal.


In die ontwerpaansig, verander die *RegionCode*-veld soos volg:

- Stel die veldgrootte om by die data te pas.
- Skep 'n toevoermasker ('input mask') om seker te maak dat die gebruiker 'n kode in die vereiste formaat moet invoer. (5)

5.1.3 Verander die *StaffAvailable*-veld om outomaties die waarde 10 in al die nuwe rekords te vertoon. (1)

Stoor en maak die **tbl5_1**-tabel toe.

5.2 Skep 'n vorm met die naam **frm5_2** wat op die **tblVolunteers**-tabel gebaseer is, om in <u>vormaansig ('Form View')</u> soos hieronder te vertoon.




- Voeg 'n gepaste kontrole by die vormboskrif ('form header') in en sleutel jou eksamennommer in die kontrole in.
- Verander 'n eienskap-instelling van die kontrole wat jou eksamennommer bevat sodat die eksamennommer nie in vormaansig sal vertoon nie. (Die eksamennommer moet in die ontwerpaansig sigbaar bly.)
- Verander die teksblokkie van die *CountryToVolunteer*-veld na 'n kombinasielys ('combo box') wat aan die **tblCountry**-tabel gekoppel is.

Stoor en maak die **frm5_2**-vorm toe. (5)

5.3 Maak die **qry5_3**-navraag, wat op die **tblVolunteers**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig oop en doen die volgende:

- Vertoon slegs die rekords waar die vrywilligers terugkeervrywilligers ('return volunteers') is en gewillig is om vir 20 of meer weke te help.
- Vertoon die rekords alfabeties volgens die vanne.

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe. (4)

5.4 Maak die **qry5_4**-navraag, wat op die **tblVolunteers**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig oop en doen die volgende:

- Vertoon slegs die *Name-, Surname-, CountryToVolunteer-* en *MedicalService*-velde.
- Vertoon slegs die rekords van vrywilligers wat hulle diens vrywillig vir enige behandeling aanbied, 'HIV/Vigs' <u>uitgesluit</u>, **EN** slegs hulle diens vir Zimbabwe of Angola aanbied.

Stoor en maak die **qry5_4**-navraag toe. (6)

5.5 Maak die **qry5_5**-navraag wat op die **tblVolunteers**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig oop.

Verander die navraag sodat dit 17 rekords vertoon, soos hieronder getoon:

| SumOfNumberofWeeks | MedicalService | StartingDate |
|---|---|---|
| 1 | Birth Assist | 2022-08-31 |
| 1 | Cholera | 2022-01-01 |
| 11 | Cholera | 2022-01-29 |
| 5 | Hepatitis C | 2022-01-29 |
| 1 | Hepatitis C | 2022-03-31 |
| 9 | HIV/Aids | 2022-03-31 |
| 1 | HIV/ Aids | 2022-05-01 |
| 8 | Malaria | 2022-05-01 |
| 18 | Malaria | 2022-12-31 |
| 4 | Mental Health | 2022-05-31 |
| 1 | Mental Health | 2022-10-01 |
| 20 | TB | 2022-01-29 |
| 3 | TB | 2022-05-01 |
| 1 | TB | 2022-05-31 |
| 1 | TB | 2022-07-01 |
| 20 | TB | 2022-08-31 |
| 20 | TB | 2022-10-31 |

Stoor en maak die **qry5_5**-navraag toe. (5)

5.6 Maak die **rpt5_6**-verslag oop wat op die **tblVolunteers**-tabel in ontwerpaansig gebaseer is en redigeer soos volg:

- Voeg die **5Rescue**-prent wat in jou eksamenlêergids gevind word, in die verslagboskrif ('report header') in. Verstel die grootte van die prentblokkie ('image box') na 1.6 cm hoog en 2 cm wyd. Die hele prent moet die prentblokkie vul.
- Voeg nog 'n groepering by die verslag op die *ReturnVolunteer*-veld.
- Voeg 'n funksie in die *MedicalService*-groeponderskrif ('group footer') in om die aantal vrywilligers per mediese diens te bepaal.
- Voeg 'n gepaste etiket vir die funksie in.

Stoor en maak die **rpt5_6**-verslag toe. (9)

Stoor en maak die **5Support**-databasis toe. **[40]**

**VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)**

**Jy mag NIE 'n woordverwerkerprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.**

MSF doen ook humanitêre werk in Sierra Leone, Afrika.

**LET WEL:**

- 'n HTML-merkersblad is vir verwysing aangeheg.
- Alle lêers wat benodig word om hierdie vraag te voltooi, kan in die eksamenlêergids gevind word.

EEN punt sal vir die korrekte sluiting van alle merkers en die korrekte nesting vir albei die webblaaie toegeken word. (1)

6.1 Maak die onvolledige **6_1Sierra**-webblad in 'n webblaaier ('web browser') en ook in 'n teks-/HTML-redigeerder oop (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE).

**LET WEL:** Vraagnommers verskyn as kommentaar ('comments') in die kodering om aan te dui waar die antwoord(e) ingevoeg moet word. MOENIE hierdie kommentaar verwyder NIE.



# Sierra Leone - Angels Help

## Learning from the past, preparing for the future

**See Status Report**

**2018 Status**

There was no separation of medical waste, which was a big problem, as it meant that potentially dangerous items like needles were not disposed of correctly. The deadly Ebola outbreak of 2014-2015 led to many medical staff either fleeing or falling victim to the disease.

**2019 Status**

Staff had some proper protective equipment in case of the emergence of highly contagious diseases. The team was well on the way to finishing the replacement of water pipes feeding the MSF-supported medical structures to supply clean water and reduce waste. There were 48 trained hygienists working in the structures.

**2020 Status**

The waste management area had been completed and waste was being separated and disposed of correctly. They were directly injecting chlorine into all the water supply to ensure that it was suitable for drinking. For vector control, that limits the spread of disease by mosquitoes, rats, dogs and so on, there was also progress. Each bed had a mosquito net - there were screens on the windows to prevent the mosquitoes from entering the wards. Most importantly, there were no more goats and dogs inside the buildings!

| | |
|---|---|
| 2018 Status | No clean water and outbreak of Ebola. WASH project implemented |
| 2019 Status | Proper protective equipment used and hand-washing strategies implemented |
| 2020 Status Pending! | |

**LET WEL:** Gebruik die voorbeeld op die vorige bladsy as 'n riglyn om hierdie vraag te beantwoord.

6.1.1 Verander die agtergrondkleur van die webblad na 'linen'. (1)

6.1.2 Vertoon slegs die woord 'Ebola', wat in die eerste paragraaf onder die opskrif '2018 Status' gevind word, in 'n rooi kleur. (1)

6.1.3 Skep 'n skakel op die opskrif '2020 Status' om te koppel met 'n teikengebied wat in die dokument geskep is. (3)


6.1.4 Formateer die tabel soos in die voorbeeld op die vorige bladsy getoon word:

- Voeg 'n laaste ry in met die teks '2020 Status Pending!'
- Sentreer die teks in die laaste ry. (4)

Stoor en maak die **6_1Sierra**-dokument toe.

6.2 Maak die onvolledige **6_2Wash**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/HTML-redigeerder oop (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE).

Jou finale webblad moet soos in die voorbeeld hieronder vertoon.




**LET WEL:**

- Die lyn onder die opskrif is op 50% van die wydte van die skerm gestel.
- Die prent **6_2Progress** kan in jou eksamenlêergids gevind word.
- Die hoogte van die prent is 500.
- Die prent het 'n dik raam. (10)

Stoor en maak die **6_2Wash**-dokument toe. **[20]**

## VRAAG 7: ALGEMEEN

Verskeie lyste en statistieke word benodig om ingeligte besluite te maak.

7.1 Die besturende direkteur het 'n gids-tabel ('directory-tabel') aangevra wat die name van 'n paar borge van hoë aansien bevat.

Maak die **7Distribute**-woordverwerkingsdokument oop en sleutel jou eksamennommer in die bladsyonderskif ('footer') in.

7.1.1 Skep 'n possamevoeging ('mail merge') soos volg:

**LET WEL:** Kies die '**Directory**'-opsie wanneer jy die possamevoeging begin.

- Koppel die **7Prospects**-sigblad as 'n databron vir die **7Distribute**-possamevoegingsdokument.
- Redigeer die databron-ontvangerslys ('recipient list') om SLEGS die data van daardie lede in te sluit wat 'n 'Yes'-Prestige_Aansien-status het EN 'n bedrag groter as of gelyk aan 800 bygedra het.
- Voeg die saamvoegveld ('merged field') *Surname_Van* in die eerste sel van die tabel in.
- Voeg die saamvoegveld *Name_Naam* in die tweede sel van die tabel in.

Stoor die **7Distribute**-dokument, maar MOENIE dit toemaak NIE. (5)

7.1.2 Voltooi die possamevoeging en stoor die dokument as **7Directory**. Stoor en maak al die dokument toe. (3)

7.2 Maak die **7Reorde**r-sigblad oop.

Werk in die **Subtotal**-werkblad.

Die SUBTOTAL-eienskap vertoon die totale bedrag per kategorie geskenk.

Verander die SUBTOTAL-eienskap om die aantal lande in elke kategorie te bepaal. (3)

7.3 Werk verder in die **7Reorder**-sigblad.

7.3.1 Werk in die **Stock**-werkblad.

Gebruik 'n toepaslike opsoekfunksie ('lookup function') in **sel D4** om die minimum aantal items wat in voorraad moet wees, te bepaal deur die data in die **Order**-werkblad te gebruik.

Maak seker dat die korrekte resultate sal vertoon indien die funksie na die ander selle gekopieer sou word. (4)

7.3.2 Werk in die **Order**-werkblad.

Gebruik 'n IF-funksie in **sel C5** om die hoeveelheid van die voorraaditem wat herbestel moet word, te vertoon, bv. 74 764 'Drips'.

**LET WEL:**

- Die herbestelhoeveelheid is die aantal items wat bestel moet word indien die hoeveelheid items in voorraad (**Stock**-werkblad) minder is as die minimum items wat benodig word.
- Vertoon die resultaat van die funksie met die hoeveelheid wat benodig word, gevolg deur 'n spasie, gevolg deur die naam van die item. (5)

Stoor en maak die **7Reorder**-sigblad toe. **[20]**

**TOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou

# HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

| Basiese Merkers ('Basic Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<body></body>` | Definieer die liggaam van die webblad |
| `<body bgcolor="pink">` | Stel die agtergrondkleur van die webblad |
| `<body text="black">` | Stel die kleur van die liggaamteks |
| `<head></head>` | Bevat inligting oor die webblad |
| `<html></html>` | Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad |
| `<title></title>` | Definieer 'n titel vir die webblad |
| `<br/>` | Voeg 'n reëlbreuk in ('line break') |
| `<!-- -->` | Kommentaar |
| **Teksmerkers ('Text Tags')** | |
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<h1></h1>` | Skep die grootste opskrif |
| `<h6></h6>` | Skep die kleinste opskrif |
| `<b></b>` | Skep teks in vetdruk |
| `<i></i>` | Skep teks in skuinsdruk |
| `<font size="3"></font>` | Stel fontgrootte van "1" tot "7" |
| `<font color="green"></font>` | Stel fontkleur |
| `<font face="Times New Roman"></font>` | Stel fonttipe |
| **Skakelmerkers ('Links Tags')** | |
| **Beskrywing** | **Beskrywing** |
| `<a href="URL"></a>` | Skep 'n hiperskakel |
| `<a href="URL"><img src="name"></a>` | Skep 'n prentskakel |
| `<a name="NAME"></a>` | Skep 'n teikenarea in die dokument |
| `<a href="#NAME"></a>` | Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is |
| **Formateringsmerkers ('Formatting Tags')** | |
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<p></p>` | Skep 'n nuwe paragraaf |
| `<p align="left">` | Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees |
| `<ol></ol>` | Skep 'n genommerde lys |
| `<ol type="A","a","I","i","1"></ol>` | Definieer die tipe nommers wat gebruik word |
| `<ul></ul>` | Skep 'n kolpuntlys |
| `<ul type="disc","square","circle"></ul>` | Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word |

| Formateringsmerkers ('Formatting Tags') vervolg | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<li></li>` | Word voor elke lysitem ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is |
| `<img src="name">` | Voeg 'n prent in |
| `<img src="name" align="left">` | Stel 'n prent inlyn, kan "left"," right"; "bottom", "top", "middle" wees |
| `<p align="center"><img src="name"></p>` | Stel 'n prent "center" inlyn |
| `<img src="name" border="1">` | Stel die grootte van die raam rondom 'n prent |
| `<img src="name" width="200" height ="200">` | Stel die hoogte en breedte van 'n prent |
| `<img src="name" alt="alternative text">` | Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie |
| `<hr/>` | Voeg 'n horisontale lyn in |
| `<hr size="3"/>` | Stel die grootte (hoogte) van 'n reël |
| `<hr width="80%"/>` | Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde |
| `<hr color="ff0000"/>` | Stel die kleur van die lyn |
| **Tabelmerkers ('Tabel Tags')** | |
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<table></table>` | Skep 'n tabel |
| `<tr></tr>` | Skep 'n ry in 'n tabel |
| `<td></td>` | Skep 'n sel in 'n tabel |
